


JOU GIDS TOT DIE STAD SE PADNETWERK



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

MELD DIT AAN, ONS MAAK DIT REG!

- Slaggate
- Verstoppte stormwaterdreine
- Oorstromings
- Modderstortings of rotse op die pad
- Gras en onkruid op sypaadjies en verkeerseilande
- Stukkende verkeerseine
- Mangate sonder deksels
- Beskadigde openbarevervoer-infrastruktuur en -tekens
- Beskadigde padversperrings



DIE STAD SE PADNETWERK

Kaapstad se padnetwerk is 'n belangrike bate wat tot die stad se ekonomie en die daaglikse lewensgehalte van alle padgebruikers bydra.

Aangesien verkeersdruk toeneem, werk die Stad Kaapstad hard daaraan om seker te maak dat ons paaie veilig en doeltreffend is en goed in stand gehou word. **Inwoners** het 'n belangrike rol om te speel deur padinfrastruktuur op 'n verantwoordelike wyse te gebruik en probleme aan te meld sodat dit spoedig aandag geniet.



VERKEERS- MATIGING

Verkeersmatiging verwys na infrastruktuur wat spoed verminder, soos speedwalle, verhoogde voetoorgange, verhoogde kruisings en verkeersirkels. Die Stad prioritiseer maatreëls vir verkeersmatiging in gebiede waar daar groot getalle kwesbare voetgangers is, gewoonlik by skole.

Wanneer daar besluit word of 'n pad verkeersmatiging nodig het, word die Stad se beleid oor verkeersmatiging toegepas om te bepaal:



Hoeveel voetgangers en kwesbare gebruikers die pad gebruik.



Wat die funksie van die pad is (mobiliteitsgefokusde roetes kwalifiseer nie, bv. snelweë, hoofverkeerspaaie).



Die soort verkeer wat van die pad gebruik maak - vragvoertuie kan deur speedwalle belemmer word en passasiers op openbarevervoer-voertuie kan ongemak ervaar.



VERKEER- SEINE

Wanneer daar hewige verkeersdruk by padkruisings voorkom, kan dit nodig wees om verkeerseine (verkeersligte) te installeer of bestaande seine te verstel.

Afhangende van die pad se uitleg en die soort sein (voetgangersein/ seinbeheerde aansluiting), kan die koste van 'n stel verkeerseine tussen ongeveer R850 000 en R2 miljoen wissel. Die Stad installeer elke jaar tussen 3 en 8 nuwe stelle om in die groeiende behoefte te voorsien, afhangende van die beskikbare begroting.

Kaapstad het ook 'n stadswye afstandbestuurstelsel. 'n Intydse, aanpasbare algoritme bekend as SCOOT word gebruik om die tydsberekening van seine op korridors met druk verkeer te verander; verkeersvloei-inligting van deteksie-apparate in die padoppervlak word hiervoor gebruik.

Voetgangerveiligheid word verbeter deur die gebruik van eksklusiewe voetgangerfases wat mense in staat stel om oor die pad te loop terwyl alle ander verkeer stilstaan.



KLOP BEURTKRAG EEN INNOVASIE OP 'N SLAG

Aaneenlopende beurtkrag op hoë vlakke het 'n negatiewe uitwerking op die Stad se infrastruktuur, ongeag gebeurlikheidsmaatreëls wat ingestel is. Dit beïnvloed ook die Stad se vermoë om by tye sy kliënte teen een of twee vlakke beurtkrag te beskerm, aangesien die Stad nie in staat is om tydenshoë vlakke aaneenlopende beurtkrag genoeg reserwes op te wek nie.



Gegewe die aanhoudende hoë vlakke beurtkrag, het die Stad weerkaatsende geel stroke op verkeerseinpale aangebring om die sigbaarheid van seinbeheerde kruisings oor die algemeen te verbeter, asook om padgebruikers in die donker van kruisings bewus te maak, veral wanneer daar 'n kragonderbreking is. Die Stad bring hierdie stroke as deel van sy volgehoue opknappingsprogram aan, asook om padveiligheid te verbeter in gevalle waar seine buite werking is.

SEINBEHEERDE VERKEERS- KRUISINGS

Bykans 75% van seinbeheerde kruisings op die Stad se padnetwerk is met ononderbroke kragtoevoerstelsels (UPS-stelsels) toegerus. Dit is meer as 1 200 van die Stad se 1 652 verkeerseine.

Die meeste van die UPS-batterye het ongelukkig nie tyd om te herlaai wanneer Eskom aaneenlopende vlak 4-beurtkrag of hoër implementeer nie, en die kapasiteit van hierdie batterye degradeer mettertyd.

Die Stad is besig met die opgradering van 120 UPS-stelsels na litium-ioonbatterye tegnologie wat die UPS se werktyd aansienlik verleng en minder tyd in beslag neem om tussen tydperke van beurtkrag te herlaai.



Padgebruikers word daaraan herinner om kruisings as vierrigtingstopstrate te gebruik wanneer die seine nie werk nie.



VEILIGHEID BY KRUISINGS

Motoriste moet geduldig wees en voertuie en voetgangers toelaat om veilig oor kruisings te beweeg.

Voetgangers word versoek om die verkeerseine te gehoorsaam en die aangewese oorgange te gebruik. Dit sal help om konflik tussen die verskillende vervoermiddele te vermy – voertuie, voetgangers en fietsryers – wat alles deel van die stadslewe is.

VOETOORGANGE BY VERKEERS- KRUISINGS

Die Stad het groot taktiele gonsers wat maklik is om te gebruik, geïnstalleer om kruisings veiliger vir voetgangers te maak.

Voetgangers moet die knoppie druk wanneer hulle oor die pad wil loop, en moet geduldig wag tot die "walk"-sein verskyn. Dit kan by besige kruisings tot twee minute neem.

Plakkers op die verkeersligte verduidelik die verskillende fases van die voetgangersein en almal moet hulle daarmee vertrouwd maak en dit gehoorsaam.



INNOVERENDE TERMIESE VOETOOR- GANGE

Die Stad het by vier voetoorgange langs Marinerylaan en Otto du Plessisrylaan in Blaauwberg termiese sensors aangebring - die eerste van sy soort in Suid-Afrika.

Hierdie innoverende stelsel word oral in Europa gebruik om verkeersvloei te verbeter. Die Stad beplan 'n stadswye inwerkingstelling op besige roetes wat hoë volumes verkeer dra.

Daar is opgemerk dat voertuie dikwels by rooi verkeerseine staan en wag lank nadat voetgangers die pad oorgesteek het. Met hierdie innoverende stelsel word die termiese sensors by voetoorgange gebruik om te waar te neem of daar enige voetgangerbeweging is. Indien die voetganger die waarnemingsone verlaat voordat die voetgangersiklus geaktiveer word, word die voetgangerversoek gekanselleer. Voertuie sal dus nie onnodig hoef te stop nie.

Die gewenste resultaat met termiese sensors by hierdie oorgange is dat daar minder rooiligoortredings en gefrustreerde bestuurders sal wees. Dié innoverende stelsel sal ook met verkeersvloei en minder besoedeling weens luierende voertuie help. 'n Groot bonus is dat hierdie stelsel minder gevandaliseer word – dikwels druk vandale stokkies by die drukknoppies by voetoorgange in. 'n Termiese voetoorgang gebruik nie drukknoppies nie, aangesien dit outomaties werk. Die nuwe tegnologie werk met 'n breë deteksiesensor wat 'n termiese beeld gebruik om voetgangers en fietsryers waar te neem. Amptenare sal aanhou om die stelsel te monitor en veranderinge aanbring, soos nodig.

Die stelsel word nie deur swak beligting of selfs in die pikdonker beïnvloed nie, aangesien dit termiese beelding gebruik om teenwoordigheid waar te neem. Dit bied dus 24/7- betroubare waarneming en werk goed in alle weerstoestande.



HOE OM 'N FOUTIEWE VERKEERSEIN AAN TE MELD

Verkeerseine ontwikkel nou en dan foute. Dit kan rooi flikker, 'n ondoeltreffende tydsberekeningplan volg of beskadig wees.

As jy 'n stukkende sein aanmeld, verskaf die padname by die kruising en, indien moontlik, die nommer op die beheerderkassie by die sein (maar moenie probeer om dié nommer te lees terwyl jy bestuur nie).

Wanneer foute aangemeld word, tree die Stad binne twee uur op om die oorsaak van die fout vas te stel en beveilig die plek binne 12 uur.

Waar verkeerseine nie werk nie, moet motoriste die kruising as 'n vierrigtingstopstraat gebruik.

In hierdie geval is die padreël dat die eerste voertuig wat by die stopstraat aankom, die reg het om te ry. Ry uiters versigtig nadat jy eers heeltemal agter die stoplyn tot stilstand gekom het.

MELD STUKKENDE
VERKEERSEINE AAN:
0860 103 089
SKAKEL 24/7





OF



DIE BESTUUR VAN VERKEERSDRUK

Alle padgebruikers het 'n rol om
te speel om verkeersdruk te verlig.
Waar dit moontlik is, kan jy:

- ✓ openbare vervoer gebruik;
- ✓ stap en fietsry, veral vir kort ritte;
- ✓ jou reisplanne verander om die besige spitsstye te vermy; en
- ✓ saam met vriende of familie ry en saamrygeleenthede en klubs gebruik. Dit sal help om die aantal motors op ons paaie te verminder.

PADTEKENS, PADMERKE EN PADVER- SPERRINGS

Padtekens, -merke en -versperrings help om die padnetwerk vir alle gebruikers veilig en doeltreffend te maak.


Padtekens en -merke volg standarde wat nasionaal in Suid-Afrika toegepas word. As daar 'n behoefte aan bykomende padtekens en -merke bestaan, sal die Stad 'n verkeerstudie onderneem om te bepaal wat nodig is.

Padversperrings maak ons paaie veiliger vir motoriste en voetgangers, veral op ons kuspaaie. Dis uiters noodsaaklik om enige stukkende padversperring dadelik by die Stad se inbelsentrum aan te meld.



**MELD BESKADIGDE
PADVERSPERRINGS AAN:
0860 103 089
SKAKEL 24/7**





DEEL DIE PAD

Verdraagsaamheid en respek moet deur alle padverbruikers getoon word om 'n veilige en aangename ervaring te verseker. In die gees van "ons deel die pad", onthou:

- ✓ om jou bedoelings bekend te maak deur jou flikkerlig te gebruik as jy 'n voertuig bestuur of deur handseine te gebruik as jy fiets ry;
- ✓ voetgangerseine te gehoorsaam as jy loop; en
- ✓ verdedigend te bestuur as jy in 'n voertuig is. Dit beteken dat jy die handeling van ander padgebruikers te wagte moet wees, spoed moet verminder, die afstand vanaf fietsryers in ag moet neem en bewus moet wees dat passasiers moontlik uit stilstaande voertuie kan klim.

AANMELDING EN HERSTEL VAN SLAGGATE

As dit reën verskyn krake mettertyd in die padoppervlak en water dam daarin op wat krake breër en dieper maak. Dit word vinnig 'n slaggat wat motors en wielbande beskadig, en ongelukke veroorsaak.

Die Stad Kaapstad herstel elke dag slaggate regdeur die stad. Ons kan nie die een in jou straat herstel as jy dit nie aanmeld nie. Hoe langer jy wag, hoe erger sal dit raak.

Die Stad poog om slaggate so gou as moontlik nadat dit aangemeld is, te evalueer en tydelik te herstel. Die struktuur van die pad is soms beskadig en dit kan dan langer neem om te herstel.




INSTAND- HOUDING VAN DIE STORMWATER- NETWERK

Paaie in sekere gebiede van Kaapstad is geneig om tydens die reënseisoen te oorstrom.

Oorstromings kom dikwels voor wanneer stormwaterdreine verstop raak, gewoonlik as gevolg van rommel en onwettige storting in die stormwaterstelsel.

Die Stad se departement paaie en stormwater het 'n roetine-instandhoudingsprogram om dit te help voorkom. Die Stad se paaiedepots voer gereeld inspeksies van die paaie en stormwaterstelsels uit, en reageer op inwoners se diensversoeke.



Moenie rommel of voorwerpe in stormwaterdreine gooi nie, en meld enige persoon aan wat dit doen.

Inwoners kan help om die stormwaterstelsel in stand te hou deur blare en ander natuurlike afval van hul inritte, sypaadjies en geute te verwyder en dit op 'n komposhoop te plaas of na 'n aflaaifasiliteit toe te neem.

Onthou, enigiets wat in die stormwaterstelsel beland, eindig op in ons riviere en die see. Dis waarom olie, afvalwater en vullis nooit in 'n stormwaterdrein gegooi moet word nie.

WAT JY KAN DOEN:

Meld verstopte stormwaterdreine en gesteelde of beskadigde deksels van stormwaterdreine of enige persoon wat voorwerpe of vloeibare afval in stormwaterdreine gooi, by die Stad se kliënte-inbelsentrum aan – **sien kontakbesonderhede op die laaste bladsy van hierdie gids.**





HELP OM OORSTROMINGS TE VOORKOM

Die Stad doen 'n beroep op inwoners om nie voorwerpe of vloeibare afval soos gebruikte olie en gevaarlike huishoudelike vloeistowwe in stormwaterdreine te gooi nie, en om blare, plantegroei en rommel van hul inritte, sygaardjies en geute te verwyder. Dit moet in vullisdromme, munisipale rolvullisdromme of afvalhouers geplaas of na aflaaifasiliteite toe geneem word.



MELD MODDER- EN ROTSSTORTINGS AAN

Swaar reën veroorsaak dikwels dat grond op 'n steil helling wegspoel of dat groot rotse los raak, en dit veroorsaak modder- of rotsstortings. Wees ekstra versigtig as jy in die reën ry.

**MELD MODDER- EN
ROTSSTORTINGS AAN:
0860 103 089
SKAKEL 24/7**



HOE OM AAN TE MELD

Meld enige probleme op die padnetwerk aan, soos slaggate, foutiewe verkeerstekens, beskadigde versperrings, modder- en rotsstortings, onwettige afvalstorting en verstopte stormwaterdreine. Die onderstaande kontakbesonderhede kan ook gebruik word om versoeke vir nuwe padtekens ens. te rig.

OPSIE 1: Laai die Stad se diensverwante munisipale app af wat op die Apple App Store en Google Play beskikbaar is.

Laai die app nou af via:



<https://apple.co/3pZAkth>



<https://bit.ly/3pMGItv>

OPSIE 2: Kontak die Stad se kliënte-inbelsentrum by **0860 103 089** of stuur e-pos na **contact.us@capetown.gov.za**. Die diens is 24/7 in Engels, Xhosa en Afrikaans beskikbaar.

OPSIE 3: Teken 'n diensversoek aan op die Stad se selfhelpdienswebtuiste **www.capetown.gov.za/servicerequests**. Kies "Transport, Traffic and Roads".



OPSIE 4: Skandeer die QR-kode wat met die selfhelpdiens sal skakel.

Verskaf jou kontakbesonderhede, die straatadres en gebied waar jy die slaggat, stukkende verkeerstekens, beskadigde versperrings, modder- en rotsstortings, onwettige afvalstorting of verstopte stormwaterdreine gesien het, asook die naaste straathoek sodat die probleem aandag kan geniet.

Maak seker dat jy jou verwysingsnommer hou.

FOR MORE INFORMATION

Besoek **www.capetown.gov.za/urbanmobility** vir toegang om hierdie pamflet en ander nuttige riglyne af te laai.



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Hierdie pamflet en ander nuttige riglyne is
elektronies beskikbaar. Besoek
www.capetown.gov.za/urbanmobility

SOSIALE MEDIA

Volg ons:

 City of Cape Town

 @cityofct

 @UrbanMobility